Laerskool Villieria

Telefoon: 012 331 1100
012 330 0110
Faks: 012 331 4916
E-pos: villiesskool@icon.co.za

Posbus 31520
Totiusdal
0134

Ben Swartstraat
Villieria
Pretoria
0186

22 Oktober 2024

# JAARVERSLAG 2024

My liewe en dierbare Villies, in ‘n oogwink is 18 jaar as hoof in ‘n kits verby, 34 jaar by Villieria. Ek groet elke liewe Villiesouer. Amptelike aftreedatum – 31 Desember 2024.
Dankie vir jare se lojaliteit. Ek smeek julle, positiwiteit teenoor jou skool is nou nóg belangriker as ooit tevore, en die rede is bitter eenvoudig – hoe lank wil ons die Afrikaanse Onderwysmodel behou?

Die Skool sal vir die 1ste gedeelte van 2025 in die hande van ons uiters bekwame adjunkhoof, mnr. Grobler, wees. Hy sal waarneem as hoof. ‘n Daaropvolgende proses volg waar die pos in ‘n Staatskoerant adverteer word, gevolg deur sifting, onderhoude en die amptelike permanente aanstelling van die hoof. Datum van aanstelling hang absoluut af van die Bestuursplan van die Onderwysdepartement.

## LEERDERS (Graad R – 7)

Die skool het vanjaar met ‘n leerdertal van 1 210 begin. Tans is die getal 1 190. Die migrasie van leerders in ons gemeenskap is steeds op ‘n positiewe kurwe, nuwe Villies wat ons drumpel betree om by ons skool in te skryf.

Die gemiddelde grootte van die klasse vir 2024 is as volg:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Graad R – 35 | Graad 1 – 29 | Graad 2 – 33 | Graad 3 – 35 |
| Graad 4 – 36 | Graad 5 – 38 | Graad 6 – 38 | Graad 7 – 39 |

‘n Vyfde graad 1-klas in 2023 was onafwendbaar en moes noodgedwonge ‘n vyfde graad 2-klas word.

Met dank teenoor elke positiewe Villieria-ouer/-voog en vriend, asook die genade van ons Hemelse Vader, wink ‘n puik graad 1-inskrywingstal weereens vir ons in 2025. Die een ding wat enige ouer/voog en/of onderwyser(es) eerder sal wil sien, is kleiner klasse, ons beplan en poog om tans graad 1 tot 3 ‘n vyfde klassisteem te hou om kwaliteit onderwys ‘n hupstoot te gee.

Sien asseblief ons paragraaf oor personeel en neem met trots kennis van alle moontlike maatreëls reeds in plek om kwaliteit onderwys te verseker.

Die skool verloor aan die einde van die jaar 154 graad 7-leerders. Die graad R-inskrywingstal vir 2025 staan tans op 145 leerders.
Die meerderheid van die leerders is baie gelukkig wat hul gesondheid betref. Die skool spog met ‘n teenwoordigheidsyfer van 95.12%.
Die voedingskema van Laerskool Villieria is steeds ‘n reuse sukses met 35+ leerders wat daagliks van hierdie diens gebruik maak. Groot dank aan die koördineerder van die projek, me Grizelda Goosen. Jou passie, rustigheid en besondere omgee maak van die projek weereens ‘n reuse sukses. Hartlike dank vir jou bereidwilligheid en die Koninkrykswerk wat daarmee gepaard gaan.

Met dank aan al die ouers/voogde vir hul eindelose geduld met die smeer van broodjies asook deurlopende donasies in die vorm van finansiële bydraes, vrugte, smere ens.

‘n Besondere woord van dank aan mnr. en mev. Zeelie van Gauteng Veal Supply vir hulle besondere bydraes in die vorm van boerewors, “patties”, pasteie, worsies asook brood en smere. Dit word opreg waardeer. Baie dankie Linda, ons kantoor se algemene werker, wat met absolute passie en deernis die broodjieprojek koördineer.

Laaste maar nie die minste nie, groot dank aan juffrou Olwagen en juffrou Otten en al ons onderwyshulpe wat daagliks op grondvlak verantwoordelik is vir die ordelike, maar sensitiewe uitdeel van die genadegawe uit die liefdevolle harte van ons eie ouers/voogde en selfs personeel.

‘n Hartlike woord van dank aan juffrou Otten wat die afgelope jare al hoe meer betrokke geraak het met hulpverlening aan enkele behoeftige gesinne. Duisend dankies vir alle skenkers, sommer net ouers wat naamloos juffrou Otten ondersteun met die Koninkrykswerk.

**PERSONEEL**

So ons kan weereens met trots verslag doen oor ons besonder gemotiveerde en positiewe personeel. Dankie vir elke personeellid vir die bemoeienis met ons leerders. Dankie vir onbaatsugtige diens wat veel verder strek as blote akademiese onderrig. Wees verseker Laerskool Villieria het van die beste onderwyspersoneel tans beskikbaar.
Ons eerste terugvoer oor ons strategiese beplanning, aan my as hoof, adjunkhoof en beheerligaamvoorsitter. “Jy gaan ver soek om ‘n instansie/skool te kry waar die belyning tussen personeel so dinamies, gemotiveerd en lojaal uitmeet.”

As teenvoeter vir groter klasse, spog ons met nederige dankbaarheid reeds met 8 beheerliggaam personeel. Ons onderwyshulpsisteem het reeds in 2024 uitgebrei na 34. Ons beoog in 2025 om ‘n voltal onderwyshulpe aan te stel, 1 vir elke klas.

Aan die einde van 2024 verloor ons 8 finale jaar grondslagfase onderwyshulpe wat die arbeidsmark gaan betree. Baie dankie vir jul positiwiteit, lojaliteit en harde werk.

**KURRIKULÊR**

Laerskool Villieria is een van die min skole wat nie van ‘n debietpuntestelsel gebruik maak nie. Geen debietpunte- en detensiestelsel word hier toegepas nie. Hier moet ons personeel en ouers/voogde gelukwens en ook aanmoedig om druk op leerders te plaas om hard te werk en te strewe na sy/haar merietekaarttoekenning - groen, silwer, wennerspeld en goud.
Dit is eersdaags weer die jaarlikse meriete-oggende waar ons poog om ook erkenning aan leerders vir buitengewone prestasie te gee. Daar word steeds gepoog om soveel moontlik leerders erkenning te gee sonder om standaarde te verlaag. Belonings/erkenning word vir alle skoolverwante sport-, kultuur- en akademiese prestasies toegeken.

Dit is met trots teenoor elke leerder, personeellid en ouers/voogde se harde werk tuis, dat die huidige slaagsyfer 97,72% is. Hou asseblief so aan.

Ek glo met my hele hart dat hier hard gewerk is deur personeel, leerders en ouerhuise om enige moontlike agterstande uit te wis.

**HULPPROGRAM (Graad 1 – 7)**

Die Hulpprogram is vir leerders wat deur die klasonderwyseresse geïdentifiseer word om deel te wees van die Afrikaanse lees- en klankprogram. Hier word ekstra tyd spandeer om spesifieke uitvalle wat leerders ervaar, in ‘n kleiner groep te heronderrig. Dit is dus bykomende hulp wat nie altyd moontlik is in die groter klassituasies nie. Dit word gesien as ‘n verlengstuk en inoefening van werk wat klassikaal tydens lesure onderrig is. Die onderwyseresse hanteer sodoende ‘n groter groep as wat die gebruik is met individuele remediërende onderrig. Die Hulpprogram geskied op Maandae en Woensdae vir ‘n driekwart uur.

Die Grondslagfase personeel betrokke by die Hulpprogram:

- ✓ Graad 1 – Juf. Van den Heever (Remediërende opleiding – 2 jaar)
- ✓ Graad 2 – Juf. Hattingh (Graad 1 ervaring – COELT opleiding)
- ✓ Graad 3 – Juf. Faasen (Graad 3 ervaring – 5 jaar)
- ✓ Graad 1 – Juf. Skinner (Assisstent)
- ✓ Graad 2 – Juf. Lindeque (Assisstent)
- ✓ Graad 3 – Juf. Van der Merwe (Assisstent)

**GRAAD 1-UITSTAPPIE**

Die graad 1-leerders beoog om 25 Oktober 2024 hulle jaarlikse uitstappie te hê by Hartbeespoort se Slang- en Dierepark. Dit sal die eerste keer wees wat die graad 1's die Park besoek en die opwinding is baie groot. Die leerders gaan 'n slang vertoning bywoon waar hulle meer gaan leer oor verskillende slange.

Na die vertoning gaan die leerders die geleentheid kry om op 'n boot te ry waar hulle ook geleer word oor verskillende spesies wat in die dam voorkom. Die leerders gaan ook met 'n gids deur die Park gelei word waar hulle leeus, tiere, hiënas, sjimpansees en verskillende voëlspesies sal kan sien. Ons is van mening dat die leerders baie gaan leer tydens die uitstappie en dit baie gaan geniet.

**GRAAD 2-UITSTAPPIE**

Die graad 2-leerders het op 12 Junie 2024, Die Plaaswerf in Centurion besoek. Dit was 'n opwindende dag vol leer en pret. Tydens hierdie uitstappie het leerders die geleentheid gekry om diere van nader te leer ken en kon na afloop van die uitstappie goed onderskei tussen plaas- en wilde diere. Hulle het ook kennis verkry oor hoe 'n plaas werk, die bewaring en habitat van verskillende diere. Al hierdie kennis wat opgedoen is sluit mooi aan by ons tema wat in die jaar behandel was, naamlik "Diere en hul tuistes." Daar was 'n paar prettige aktiwiteite, soos 'n donkiekarrit en ook om te sien hoe 'n koei gemelk word, wat die kinders baie geniet het. Die uitstappie was 'n groot sukses en 'n waardevolle leerervaring.

**GRAAD 3**

- **Afrikaans**
  - Spellathon

    Algehele graad 3 wenners vir die Spellathon was Lu-Mari van der Mark en Israel Vorster wat op 26 Julie 2024 ons skool verteenwoordig het. Lu-Mari van der Mark het ook op Distriksvlak deelgeneem op 3 September 2024.

    Rudi Schauer was as Distrikswenner aangekondig in die begripslees, voorbereide en onvoorbereide lees waaraan hy deelgeneem het op 3 September 2024.

- **Wiskunde**
  - Mental Maths

    Op 30 Julie 2024 het ons algehele graad 3 Mental Maths wenner, Roscher Oosthuizen, deelgeneem aan die Cluster en deurgedring na die Distrik wat op 27 Augustus 2024 plaasgevind het.

    Wiskunde uitdaging wenner, Jayma Saunders, het aan die Cluster deelgeneem op 5 Augustus 2024 en het ons skool verteenwoordig by die Distrik op 28 Augustus 2024.

- **Lewensvaardigheid**

  Graad 3 het deelgeneem aan die Departementele Lewensvaardigheid dansie. Theo Benzien, Anrich Gerber, Milandi Joubert, Elné Maritz, Anuska Titus en Israel Vorster die Skool verteenwoordig op 12 Augustus 2024 het.

- **Instappie**

  Hierdie jaar beplan ons 'n instappie met al die graad 3-leerders. "VR Education" kom op 14 November 2024 om ons leerders te bederf en hulle meer oor 'n akwarium te leer en te wys.

## GRAAD 6- EN 7-VELDSKOOL

Laerskool Villieria het 'n groot taak aangepak om die graad 6- en 7-groepe op veldskool te neem. Die besluit is geneem om die graad 6-leerders die geleentheid te bied vir leierontwikkelling met die oog op leierverkiesing wat aan die einde van die jaar plaasvind. Die graad 7-groep is saam geneem vir die laaste keer om hulle nie die voorreg van veldskool te ontneem nie. Die veldskool sal vanaf 2025 net vir graad 6-leerders wees.

Die veldskool het plaasgevind 1 tot 4 Oktober 2024. Ons het weer gebruik gemaak van Jubaweni. Hul fasiliteite en diens was weerens puik. Daar was geen ernstige insidente gewees nie. Die leerders het baie geleer in die proses deur buite hulle gemaksone geplaas te word. Die veldskool was 'n reuse sukses gewees.

## VILLIES NASKOOLSENTRUM

Daar is tans 490 leerders ingeskryf. Ons het 20 permanente personeel in diens.
Die personeel van die skool help tydens studietye vanaf Maandae tot Donderdae wat 'n uur lank aangebied word. Die leerders geniet 3 warm etes 'n week en 2 toebroodjiedae in die week en ook elke middag koeldrank om te drink. Daar word ook een keer 'n maand nagereg voorgesit. Daar is ook voldoende toesig tydens speeltye. Leerders wat moet gaan vir aktiwiteite in die middae word begelei en ook veilig teruggebring. Ons is bitter trots op hierdie uiters bekostigbare model van ons.

## BUITE-KURRIKULÊRE AKTIWITEITE

- **SPORT**
  - **Mini-Krieket**

    Laerskool Villieria se mini-krieket maak geskiedenis in 2024. Ons breek weg van die "Little Titans" en speel ons eie wedstryddae. Die mini-krieket spelers het ook die jaar begin oefen gedurende skooltyd. Die afrigters is die akademie afrigters. Hulle kom haal die spelers by die klas en vat hulle weer terug nadat oefening verby is.

  - **Krieket**

    Hierdie jaar se krieketseisoen het afgeskop op 31 Mei 2024 met die eerste proewe wat plaasgevind het gedurende skooltyd.

    Ons A- en B-krieketspanne het gedurende die Junie vakansie deelgeneem aan 'n kriekettoer. Daar was 39 wedstryde in totaal gespeel gedurende die 2 weke.

    Datums was as volg:

    | | |
    |---|---|
    | ✓ o/9A ,o/10A, o/11A | 17 tot 20 Junie 2024 by Midstream Ridge Primary |
    | ✓ o/12A, o/13A | 24 tot 27 Junie 2024 by Midstream Ridge Primary |
    | ✓ o/9B, o/10B, o/11B, o/12B, o/13B | 24 tot 27 Julie 2024 by Eduplex |

    Die amptelike krieketliga het in die 3de kwartaal begin. Die seisoen het oor 8 weke gestrek. Ons skool het gespog met 'n totaal van 13 spanne van o/8 tot o/13 met 2 spanne (A en B) per oudersdomsgroep, asook 'n "Day/Night"-span wat bestaan het uit o/12- en o/13-seuns. Vir die eerste keer in Laerskool Villieria se geskiedenis, het ons die jaar ook 'n o/11-Day/Night span gehad.

    Die afrigters van die verskeie spanne was as volg:

    | | | | |
    |---|---|---|---|
    | ✓ o/8-Rooi | Mnr. Massyn | o/8-Blou | Mnr. Badenhorst |
    | ✓ o/9A | Mnr. Botha | o/9B | Mnr. Van Staden |
    | ✓ o/10A | Mnr. Brooks | o/10B | Mnr. Bekker |
    | ✓ o/11A | Mnr. Joubert | o/11B | Mnr. Borman |
    | ✓ o/12A | Mnr. Ferreira | o/12B | Mnr. Menz |
    | ✓ o/13A | Mnr. De Beer | o/13B | Mnr. Malan |
    | ✓ "Day/Night" | Mnr. Joubert, Mnr. Ferreira (Tellinghouer – Juf. Heath). | | |

Uitslae van die seisoen:
'n Totaal van 45 liga wedstryde was gespeel, waarvan ons in 12 daarvan as wenners uit die stryd getree het.

Die volgende toon hoeveel wedstryde per ouderdomsgroep gespeel en gewen is:
- ✓ o/9A – 2/7
- ✓ o/10A – 7/7
- ✓ o/11A – 2/7
- ✓ o/12A – 0/7
- ✓ o/13A – 1/7

Laerskool Villieria spog ook met 1 liga wenner in die nuwe en uiters kompeterende A2-liga.
Die o/10A-span het in die kwarteindronte van die stadsbeker teen Midstream College verloor.
Daar was baie welslae by die B-spanne, maar wat ongelukkig nie deel vorm van die krieketliga nie.
Die o/13 "Day/Night"-span speel 'n totaal van 7 wedstryde, waarvan 3 geen uitslae gehad het nie, en 4 het hulle verloor. Die wedstryde was 20 beurte aan 'n kant.
Die o/11 "Day/Night"-span speel 'n totaal van 7 wedstryde waarvan hulle 4 gewen het en 3 wedstryde het nie uitslae gehad nie. Hulle eindig ook 2de in die vriendskaplike "Day/Night"-liga.
Laerskool Villieria maak weereens geskiedenis deur vir die eerste keer 'n dogter krieketspan by 'n amptelike Titans liga in te skryf. Hulle speel 'n totaal van 7 liga wedstryde.

- **Bulletjierugby**

Dis 'n nuwe jaar en nuwe opgewondenheid heers oor Laerskool Villieria se Bulletjierugby seisoen. Die seisoen het afgeskop op 26 Januarie 2024 waar daar 'n vergadering met al die belangstellende ouers en spelers gehou was.
Tydens hierdie vergadering word daar dan ook nuwe afrigters gewerf. Die afrigters het op 2 Februarie 2024 vergadering gehou, waar die nuwe afrigters inligting ontvang oor wedstryde, reëls en afrigting.

Vanjaar was die eerste jaar wat alle truie deur die Klere Hub bestel en gemaak is. Ons het ook gesien dat ons bietjie vroeër moet begin met ontwerp en deurstuur na die fabriek vir die maak van die truie. Ons vra dat ouers in 2025 vroegtydig die bestuur sal inlig of u seun gaan deelneem aan die Bulletjierugby vir 2025, al dan nie.
Ons het ook met die hulp van die Bulletjie bestuur 'n Villieria-ondersteunershemp ontwerp en hierdie is nou 'n standaard item by die Klere Hub. Die Villieria ondersteunershemp kan deur ouers/ondersteuners by enige sportbyeenkoms gedra word.
Met groot opgewondenheid begin die oefening 7 Februarie 2024, en die Bulletjies is reg vir aksie.

Die Bulletjies by Laerskool Villieria was in totaal 163 seuns. Dit wys dat ons gereed is vir die seisoen. Ons is bevoorreg om 6 volledige spanne by elke ouerdomsgroep te hê.
Laerskool Villieria het uitgestaan met 'n "Day/Night"-Bulletjiedag, waar verskeie skole genooi was om by ons vriendskaplike wedstryde te speel. Die wedstryde hou aan tot in die aand, waar die spelers dan onder die sprei ligte kon speel.

Liga wedstryde deur die seisoen is by die volgende skole aangebied:
- ✓ Midstream College
- ✓ Villieria x 2
- ✓ Uitsig
- ✓ Garsfontein

Soos al die ander jare, het Laerskool Villieria deelgeneem aan die Blou Bulle Laerskole Bulletjiedag te Midstream Ridge en Loftus Dag. Hierdie is elke jaar vir die spelers ‘n groot geleentheid en goeie ondervinding.
Soos ons almal die Bulletjie Bestuurspan ken, weet ons dat hulle glad nie terugstaan vir reëlings en organisering nie. Hulle het weer ‘n suksesvolle afsluitingsfunksie aangebied, waar al die ouers en afrigters lekker kon saam kuier.

Ons wil graag al die afrigters bedank vir hul moeite en omgee vir al die Villieria Bulletjies. ‘n Groot woord van dank aan u as ouer/voog wat die spelers na die oefeninge en wedstryde vervoer het. Ons is dankbaar vir al die ondersteuning teenoor die Bulletjie Bestuur, spelers en afrigters.

Spesiale dank aan die Bulletjie bestuur:

- ✓ Voorsitter — Mnr. Johan Basson
- ✓ Sekretaresse — Mev. Marlise Basson
- ✓ Ondervoorsitter — Mnr. Petrus Steyn
- ✓ Koordineerder — Mnr. Jaco Malan

- **Rugby**

Die manne het weer reg gestaan vir die rugbyseisoen met die aanbreek van 2024. Laerskool Villieria neem weereens deel in die A2-liga, wat deel vorm van die Top 3 ligas in Pretoria.

Skole in die A2-liga:

- ✓ Villieria
- ✓ Monumentpark
- ✓ Louis Leipoldt
- ✓ Die Poort
- ✓ Midstream Ridge
- ✓ Bakenkop
- ✓ Magalieskruin

Afrigters, spelers en ouers het al vroeg in die jaar ‘n Saterdag opgeoffer om die o/10- tot o/13-proewe te begin.
Al die o/9-seuns het dieselfde dag aan ‘n oorbruggingskursus deelgeneem, waar elke speler die regte tegniek vir die verskillende kontak situasies gewys is. Rietondale Primary het deelgeneem aan die dag en so kon die spelers ook die vaardighede in die wedstryd toepas. Na afloop van die proewe en oorbruggingskursus, het al die afrigters ‘n kursus bygewoon. Tydens die kursus is al die afrigters se kennis opgeskerp en nuwe afrigters is tegnieke gewys.

Net soos elke speler ontwikkel en presteer, is dit ook lekker om die afrigters se prestasies bekend te maak:

- ✓ Mnr. Grobler dien op die Blou Bulle Dagbestuur.
- ✓ Mnr. Malan is sekretaris van Streek Jakaranda en vorm so deel van die Blou Bulle Breëbestuur.
- ✓ Mnr. Joubert is 2de op die ranglys van Blou Truie Skeidsregters.

Na 2023 se seisoen het al die afrigters en spelers geweet dat daar harde werk gedoen moet word in 2024.

Wedstryde het afgeskop op 29 Februarie 2024 met die eerste vriendskaplike wedstryde teen Laerskool Rooihuiskraal en almal kon dadelik sien dat Laerskool Villieria definitief ‘n skool is om dop te hou. Nog vriendskaplike wedstryde is teen Laerskool Garsfontein en Laerskool Danie Malan gespeel.

Ekstra vriendskaplike wedstryde is deur die seisoen gereël om seker te maak spelers kry genoeg speeltyd. Tydens van hierdie wedstryde moes ons B-spanne teen A-spanne speel, en C- en D-spanne teen B-spanne van ander skole.

Spelers het verskillende toere bygewoon vir ekstra voorbereiding vir die liga.

Toere was soos volg:

- ✓ o/9 en o/10 Zwartkloof Private Game Reserve
- ✓ o/11 en o/13 Laerskool Pionier te Volksrust

Statistiek van die toere:

| SPAN | GESPEEL | WEN | VERLOOR | GELYK | PUNTE VIR | PUNTE TEEN |
|---|---|---|---|---|---|---|
| o/9 | 4 | 2 | 2 | 0 | 103 | 64 |
| o/10 | 4 | 2 | 0 | 2 | 88 | 19 |
| o/11 | 5 | 4 | 1 | 0 | 152 | 24 |
| o/13 | 5 | 1 | 2 | 2 | 75 | 80 |

Laerskool Villieria kan spog met die o/11-span wat met die beker vir mees aanskoulikste rugby weggestap het.
Kian Botes is as die beste voorspeler van die week aangewys en Jonathan Hibbert as beste agterspeler van die week.
Die o/13-span het die trofee gekry vir “Kan-Nie-Dood-Rugby.” As skool is ons baie trots op die seuns en hulle afrigters.

Met trots kan ons sê dat die volgende personeel van Laerskool Villieria betrokke was by die provinsiale keuringsproses:

- ✓ Mnr. Grobler is die o/13-sameroeper, asook ‘n keurder.

Baie geluk aan Jason Steyn wat gekies is vir die Blou Bulle Jongspan. Dit is ‘n groot prestasie.
Hierdie was ‘n besonderse jaar, omdat die Blou Bulle Laerskole Rugby Vereniging die o/13-Cravenweek aangebied het in samewerking met Hoërskool Menlopark. Laerskool Villieria het daar ook sy man gestaan met 3 mans personeellede wat betrokke was by die organisering en reëlings van die o/13-Cravenweek.

- ✓ Mnr. Grobler – LOC (Verblyf en etes van alle spanne, asook wedstryd bepalings).
- ✓ Mnr. Malan – LOC (Fasilitietsbestuurder, kleedkamers, parkering).
- ✓ Mnr. Borman – LOC (Kleedkamers en velde).

Na die verskeie vriendskaplike wedstryde en toere, was al die afrigters en spelers gereed om die liga aan te pak.

Liga uitslae:

| SPAN | GESPEEL | WEN | VERLOOR | GELYK | PUNTE VIR | PUNTE TEEN | PLEK IN LIGA |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| o/9A | 6 | 3 | 3 | 0 | 120 | 92 | 4de |
| o/9B | 6 | 3 | 3 | 0 | 125 | 134 | 4de |
| o/10A | 6 | 5 | 1 | 0 | 119 | 41 | 2de |
| o/10B | 6 | 5 | 1 | 0 | 109 | 26 | 2de |
| o/11A | 6 | 1 | 3 | 2 | 53 | 93 | 5de |
| o/11B | 6 | 1 | 5 | 0 | 53 | 183 | 6de |
| o/13C | 4 | 3 | 1 | 0 | 126 | 55 | 2de |
| o/13B | 6 | 3 | 3 | 0 | 121 | 143 | 4de |
| o/13A | 6 | 0 | 6 | 0 | 38 | 200 | 7de |

Ons 2024-Rugbyseisoen het baie beter gegaan as ons 2023-Rugbyseisoen.
Daar was 3 spanne wat 2de in hul verskeie liga's geëindig het. Laerskool Villieria het in 2023, 6de in die liga geëindig. In 2024 het ons as skool verbeter na algeheel 4de in die liga. Die o/10A-span het deurgedring na die uitspele wat op 4 Junie 2024 plaasgevind het. Hulle het ongelukkig teen Laerskool Anton van Wouw 15 - 5 vasgeval.

Laerskool Villieria is baie bevoorreg om vir die 7de jaar in 'n ry die A-bond uitspele aan te bied.

Baie dankie aan die volgende personeel tydens bogenoemde uitspele:

- ✓ Mnr. Malan – Oorhoofse reëlings
- ✓ Mnr. Grobler – Bemanning van die tegniese tafel
- ✓ Mnr. Brooks – Hantering van toegang en parkering
  Mnr. Badenhorst
  Mnr. Botha
- ✓ Mnr. Joubert – Skeidsregter van o/9-wedstryd
  – Skeidsregter tydens die finale wedstryde (11 Junie 2024)
  – Skeidsregter tydens o/9-finaal

Die afrigters van die spanne was soos volg:

- ✓ o/9 – Mnre. Van der Westhuizen, Joubert, Bekker, Van Staden en Coetzee.
- ✓ o/10 – Mnre. De Beer, Ferreira en Massyn.
- ✓ o/11 – Mnre. Grobler, Botha, Borman en Mentz.
- ✓ o/13D – Mnre. Massyn en Paynter.
- ✓ o/13C – Mnr. Brooks
- ✓ o/13B – Mnr. Badenhorst
- ✓ o/13A – Mnr. Malan

Seisoen uitslae:

| SPAN | GESPEEL | WEN | VERLOOR | GELYK | PUNTE VIR | PUNTE TEEN |
|---|---|---|---|---|---|---|
| o/9A | 15 | 8 | 6 | 1 | 368 | 177 |
| o/9B | 11 | 5 | 6 | 0 | 209 | 248 |
| o/9C | 4 | 0 | 4 | 0 | 20 | 132 |
| o/10A | 16 | 10 | 3 | 3 | 330 | 112 |
| o/10B | 11 | 6 | 5 | 0 | 158 | 139 |
| o/11A | 16 | 8 | 5 | 3 | 295 | 146 |
| o/11B | 11 | 3 | 8 | 0 | 125 | 288 |
| o/13D | 9 | 1 | 8 | 0 | 56 | 207 |
| o/13C | 10 | 7 | 2 | 1 | 280 | 165 |
| o/13B | 11 | 5 | 6 | 0 | 169 | 236 |
| o/13A | 17 | 4 | 11 | 2 | 159 | 404 |

Hierdie was vir al die afrigters 'n uitstekende jaar, met u as ouers en ondersteuners. U samewerking en positiewe ondersteuning word opreg waardeer. Ons is dankbaar vir die spelers se getroue deelname, asook getroue bywoning van oefeninge en wedstryde. Dit het die afrigters se werk makliker gemaak. Ons is dankbaar vir u as ouer wat die seisoen ons afrigters ondersteun het. Dit versterk ons hande en help ons om die spelers positief te hou. Ons is baie opgewonde oor die rugbyseisoen wat voorlê in 2025 en sien uit na die hoogtes wat ons nog kan bereik.
Ons bedank elke afrigter vir sy moeite, tyd en harde werk met elke speler.
Hou aan Villies!!! Hou net aan!!!

- **7's-Rugby (o/11 – o/12)**

Met kwartaal 3 wat nader aan einde se kant toe gestaan het, het die afrigters en seuns 'n uitbarsende opgewondenheid gehad.
Hierdie jaar het ons skool baie beter gedoen as 2023 met die 15-man rugby en dit het die afrigters baie opgewonde gemaak vir die 7's-rugbyseisoen.
Sommer met die begin van September het die afrigters alle belangstellende o/11- en o/12-seuns op die velde gekry en begin met kondisionering en vaardigehede. Die son was soms warm, maar met die oog op die Oktober toernooie, het spelers en afrigters vasgebyt.
Soos oudergewoonte het Laerskool Villieria eers 'n vriendskaplike dag aangebied 29 September 2024. Met hierdie wedstryde kon almal sien dat Laerskool Villieria se 7's-rugbyspanne hier is vir besigheid en nie grappies nie.

Toernooie vir 2024:
- ✓ Laerskool Villieria
- ✓ Laerskool Stephanus Roos (gehou by Hoërskool Montana)
- ✓ Laerskool Rietondale
- ✓ Zwartkloof

Prestasie vir die afgelope toernooie:
- ✓ Villieria
  - × o/11 – Plaatwenners (3de plek)
  - × o/12 – Beker naaswenners (2de plek)
- ✓ Stephanus Roos
  - × o/11 – Bekerwenners (1ste plek)
  - × o/12 – Beker naaswenners (2de plek)
- ✓ Rietondale
  - × o/11 – Bekerwenners (1ste plek)
  - × o/12 – Bekerwenners (1ste plek)

Die Zwartkloof toernooi vind plaas 25 – 27 Oktober 2024, ons wens die spanne en afrigters alle voorspoed toe.
Laerskool Villieria se toernooi is gehou op 5 Oktober 2024 en daar kan ek as rugbyoganiseerder met trots sê, dat Laerskool Villieria se manspersoneel staan kop en skouers bo die ander skole se mans uit. Van afrigters, skeidsregters, tegniese tafel, hekdiens en opruim aan die einde, het die mans GEKOOK!!!

Baie dankie vir die ouers se ondersteuning en samewerking deur die seisoen. Dit maak die werk van die afrigters baie makliker en help dat die spelers ook die seisoen geniet.

Spesiale dank aan die afrigters:
- ✓ Mnre. Badenhorst en Ferreia – o/11
- ✓ Mnre. Joubert, Botha en Malan – o/12

- **Mandjie-Netbal (o/6)**

Ons dogters het die jaar 2 keer 'n week afrigting ontvang van ons eie afrigters. Tydens die oefensessies was daar hard aan nuwe vaardighede geoefen. Die dogters het ook die geleentheid gehad om aan mandjie-netbaldae deel te neem by Laerskool Hermanstad, Laerskool Swartkop en Laerskool Villieria. Die seisoen is afgesluit met 'n heerlike piekniek.

- **Mini-Netbal (o/7 – o/9)**

Die dogters het elke Dinsdag en Donderdag hard geoefen aan nuwe vaardighede en tegnieke.

Ons o/7A- tot E-span, o/8C- tot F-span en o/9C-span het aan die volgende mini-netbaldae deelgeneem:

- ✓ 13 April 2024 Laerskool Hermanstad
- ✓ 4 Mei 2024 Laerskool Danie Malan (o/8 en o/9)
- ✓ 4 Mei 2024 Laerskool Swartkop (o/7)
- ✓ 18 Mei 2024 Laerskool Villieria
- ✓ 25 Mei 2024 Laerskool Eduplex

Die dogters het die dae vreeslik geniet en die Villies naam hoog gehou.
Ons het die jaar ons eie mandjie- en mini-netbaldag aangebied op 18 Mei 2024.
Daar was 17 skole en ‘n totaal van 1 399 dogters wat aan die dag deelgeneem het. Dit was ‘n baie suksesvolle dag en dit was ‘n groot voorreg vir elke Villie-dogter om op hulle eie tuis velde te kon speel.
Ons o/8A- en B-span en o/9A- en B-span het die geleentheid gekry om weekliks saam met die senior netbalspanne wedstryde te speel.
Ons het die seisoen afgesluit met ‘n heerlike piekniek.
Ons sien uit vir 2025 se mandjie- en mini-netbal seisoen.

- **Netbal (o/10 – o/13)**

Die Villiesnetbalseisoen het afgeskop vroeg hierdie jaar met ‘n voorseisoen van vaardigheidsoefeninge. Die kwaliteit belangstelling was weereens groot genoeg dat ons A- tot C-spanne by al ons ouderdomme kon vol maak.
Die o/10- tot o/13-spanne (A tot C) het 20 en 21 Maart 2024 deelneem aan Middelburg se netbaltoernooi. Dit was ‘n baie goeie leerskool en ervaring.

Ons was baie bly dat ons C-spanne by ‘n laer liga betrek kon word tydens die ligaseisoen en sodoende kon hul baie meer speelkans kry. Die wedstryde was net vriendskaplik en hul het soms swaar getrek omdat hul teen slegs A- en B-spanne gespeel het.

Ons het met die volgende twee vriendskaplike wedstryde vir o/10- tot o/13-spanne begin:

- ✓ L/s Rooihuiskraal
- ✓ L/s Garsfontein

Ons het gemengde uitslae gekry per ouderdom.

Die ligabepalings vir A- en B-spanne 2024 was soos volg:

- ✓ Laerskool Mayville
- ✓ Laerskool Riviera (Slegs A-spanne)
- ✓ Laerskool Voorpos
- ✓ Laerskool GHS (Vriendskaplik)
- ✓ Laerskool Totiusdal
- ✓ Laerskool Tuine
- ✓ Laerskool Danie Malan

Die spanne het onderskeidelik soos volg presteer:

- ✓ o/10A Wen 6 uit 6 Ligawenners
- ✓ o/10B Wen 4 uit 5 Ligawenners
- ✓ o/11A Wen 6 uit 6 Ligawenners
- ✓ o/11B Wen 5 uit 5 Ligawenners
- ✓ o/12A Wen 5 uit 6 Naaswenners
- ✓ o/12B Wen 5 uit 5 Ligawenners
- ✓ o/13A Wen 2 uit 6 en 2 gelykop
- ✓ o/13B Wen 4 uit 5 Naaswenners

Uit ons 8 spanne, het 7 van ons spanne onder die eerste 2 plekke geëindig met 5 ligawenners (laasjaar slegs 2).

Laerskool Villieria wen ook 37 ligawedstryde uit 44 wat ons ‘n wengemiddeld van 84% gee (verlede jaar 70%).
Die o/8A- en B-spanne en o/9A- en B-spanne het ook teen hierdie skole gespeel wat baie goeie bloodstelling vir die dogters was.
Die o/12- en o/13-dogters het weer aan die Distrikproewe deelgeneem, waarvan 5 o/12-dogters en 4 o/13-dogters deurgedring het na die 1ste rondte proewe. Die 5 o/12-dogters het verder deurgedring na die o/12-Tshwane proewe, maar het ongelukkig uitgeval voor die laaste rondte.
Ons is baie trots op ons o/12A-netbalspan wat by die uitspele teen Laerskool Magalieskruin gewen het en dus 3de geëindig het in die Inter-Distriksuitspele.

Ons vooruitsigte vir 2025 is dat ons Laerskool Villieria se C-spanne by die “Diamond” liga betrek, sodat ons as skool saam teen dieselfde skole speel. Hulle sal dus dan teen sekere skole se C-spanne speel (indien die betrokke skool C-spanne het), indien nie, dan B-spanne.
Ons is ook opgewonde om Laerskool Villieria se eerste Villies-netbalkliniek aan te pak. Hierdeur wil ons al die o/10- tot o/13-spanne bemagtig met die beste, bekostigbare geleentheid om as netbalgroep saam dieselfde vaardighede en spanpatrone te oefen.
Daar word beplan dat die o/10- tot o/13-spanne (A en B) weer aan ‘n netbaltoernooi deelneem 14 en 15 Maart 2025 en al ons o/10- tot o/13-spanne aan ‘n Villies-Netbaldag op 25 Maart 2025.

- **Mini-sagtebal (o/8 – o/9)**

Ons mini-sagtebal het ‘n baie positiewe opkoms gehad waar ons ‘n rekord getal graad 2-dogters gehad het wat hulle vaardighede geoefen, en ook die spel geleer het. Ons het 2 o/9-spanne gehad wat Saterdae aan vriendskaplike wedstryde by Laerskool Totiusdal, Laerskool Uniefees en Laerskool Pierneef gespeel het.

Ons o/9A-span was onoorwonne die seisoen, en ons o/9B-span het ook baie goed gevaar tydens die wedstryde. Ons is baie opgewonde om te sien hoe die leerders in die toekoms vaar.
Baie dankie aan elke speelster, afrigter, tellinghouer, ouer en ook al ons ondersteuners wat bygedra het tot ‘n baie suksesvolle seisoen. Die Villies is trots.

- **Sagtebal (o/10 – o/13)**

Ons 2024-seisoen het suksesvol afgeskop met ‘n kursus wat deur “Hi Five Coaching” aangebied was. Daar was baie gefokus op die ontwikkeling van vaardighede, posisionele spel, beginsels van kolf en gooi, asook inoefening daarvan.
Die seisoen het begin met ons eie vriendskaplike wedstryde wat ons aangebied het. Laerskool Tuine en Laerskool Saamspan het hier by ons kom deelneem. Laerskool Villieria het baie goed gevaar.

Ons het ook hierdie jaar die nuwe en uiters kompeterende A-liga aangepak en baie hard geoefen. Ons het op elke alternatiewe Maandag kolfwerk met twee ouderdomme geoefen met die “pitching”-masjien in ons nette. Ons o/10- tot o/13-spanne het uitstekend gevaar in die liga. Van ons 4 spanne, het 3 spanne deelgeneem aan uitspeelwedstryde.

Ons is baie trots op die volgende prestasies wat die spanne behaal het:

- ✓ o/10 Ligawenners
- ✓ o/10 Tshwane A-liga wenners
- ✓ o/12 Ligawenners
- ✓ o/12 Tshwane A-liga wenners
- ✓ o/13 Tshwane A-liga 4de plek

Van die dogters het individueel ook uitstekend gevaar en ons is baie trots op hul prestasies.

Beste algehele kolwer (A-liga):

| | | |
|---|---|---|
| ✓ | o/10 | Cherise Meadows-Erasmus |
| ✓ | o/11 | McKayla Fourie |
| ✓ | o/12 | Mieke Storm |

Tshwane "White sox"-span:

| | | |
|---|---|---|
| ✓ | o/12 | Zené Jones |
| | | Mieke Storm |
| | | Amoré Louw |

Tshwane "Red sox"-span:

| | | |
|---|---|---|
| ✓ | o/13 | Nicole Schoeman |

Ons is ook baie trots op die volgende prestasies wat die personeel en assistente behaal het:

| | | | |
|---|---|---|---|
| ✓ | Juf. Coetzer | Sagtebalkursus – Afrigter | Beginners |
| | Juf. Steenberg | | |
| ✓ | Juf. Coetzer | Sagtebalkursus – Afrigter | Vlak 1 |
| | Juf. Hanekom | | |
| | Juf. Visser | | |
| ✓ | Juf. Louw | Sagtebalkursus – Afrigter | Vlak 2 |
| | Juf. Viljoen | | |
| | Juf. Broekman | | |
| ✓ | Juf. Louw | Sagtebalkursus – Tellinghouer | "First timer" |
| | Juf. Botha | | |
| | Juf. De Blanche | | |
| | Juf. Swanepoel | | |
| ✓ | Juf. Snyman | Sagtebalkursus – Tellinghouer | Vlak 2 |

Baie geluk aan juf. Marais, ons nuwe sagtebalorganiseerder, met haar prestasies vir die volgende spanne:

| | | |
|---|---|---|
| ✓ | Hulp afrigter | "White sox" A-span tydens die "Club Gordon Monk Toernooi" vir "Senior woman." *(Hulle het in Januarie deelgeneem).* |
| ✓ | Spanbestuurder | Gauteng "Senior woman"-span. *(Hulle het in Maart deelgeneem).* |
| ✓ | Afrigter | o/17-Gautengspan *(Hulle neem in Desember deel).* |
| ✓ | Afrigter | o/19-Tshwane "Red-sox"-span *(Hulle neem in Desember deel)*. |

Baie geluk aan juf. Swart met haar verkiesing as afrigter van die volgende span:

| | | |
|---|---|---|
| ✓ | Afrigter | o/13-Tshwane IRT "White sox"-span |

- **Atletiek**

In Januarie 2024 skop die atletiekseisoen af met 'n massabyeenkoms waar elke leerder die geleentheid kry om hulself in alle items te bewys.
Ons atlete het die geleentheid gekry om aan weg- en tuisbyeenkomste deel te neem gedurende die kort, maar bedrywige seisoen. Ons atlete was goed voorbereid vir die jaarlikse "Cluster"-byeenkoms wat by Hoërskool Wonderboom gehou was.
Ons atlete presteer puik by die jaarlikse "Cluster" en eindig 2de uit 12 skole.
Drie en twintig van ons atlete het ons in 34 items gaan verteenwoordig op die Distrikbyeenkoms wat by Pilditch gehou was. Verder het 13 van ons atlete in 11 verskeie items deelgeneem aan die Gauteng-kampioenskappe wat by Boksburg Atletiekstadion gehou was.
Die atletiekseisoen van 2024 was uiters suksesvol en ons is trots op al ons atlete.

Die volgende 23 atlete het aan die Distrikbyeenkoms deelgeneem:

| | | |
|---|---|---|
| ✓ Aidan Ascani | Leandri Bosman | Armand Claase |
| ✓ Evan Cilliers | JJ de Wit | Janke Esterhuyse |
| ✓ Ruben Esterhuyse | McKayla Fourie | Jonathan Hibbert |
| ✓ Luhan Koekemoer | Janko Labuschagne | Ziandri Louw |
| ✓ Mia Mulder | Chamolize Olivier | Aldo Potgieter |
| ✓ Riku Potgieter | Jordan Roos | Dylan Schult |
| ✓ Jason Steyn | Mieke Storm | Isabel van de Erve |
| ✓ Ethan Vos | Cherise Meadows-Erasmus | |

Die volgende 13 atlete het Distrikklere verwerf en aan die Gauteng-kampioenskappe deelgeneem:

| | | |
|---|---|---|
| ✓ Armand Claase | JJ de Wit | Ruben Esterhuyse |
| ✓ McKayla Fourie | Luhan Koekemoer | Ziandri Louw |
| ✓ Cherise Meadows-Erasmus | Aldo Potgieter | Riku Potgieter |
| ✓ Jordan Roos | Dylan Schult | Jason Steyn |
| ✓ Ethan Vos | | |

- **Landloop**

Ons is dankbaar en trots op ‘n heerlike en suksesvolle landloopseisoen. Die landloopseisoen vir 2024 het besonders goed afgeloop. Elke Villies-atleet het deur harde werk en deursettingsvermoë aan die byeenkomste deelgeneem. Ons as skool is trots op elke Landloopatleet.
Ons het 4 ligabyeenkomste gehad tydens hierdie landloopseisoen.

Die volgende atlete het tydens die byeenkomste onder die eerste 25 plekke geëindig:

| | | |
|---|---|---|
| ✓ Micayla Ascani | o/9-Dogters | 24ste plek |
| ✓ Aidan Ascani | o/12-Seuns | 21ste plek |
| ✓ Evan Cilliers | o/12-Seuns | 14de plek |
| ✓ Ruben Esterhuyse | o/13-Seuns | 9de plek |

*(Ligabyeenkoms 1 by Prime View)*

| | | |
|---|---|---|
| ✓ Aidan Ascani | o/12-Seuns | 7de plek |

*(Ligabyeenkoms 2 by Laerskool Eduplex)*

| | | |
|---|---|---|
| ✓ Micayla Ascani | o/9-Dogters | 22ste plek |
| ✓ Janke Esterhuyse | o/11-Dogters | 24ste plek |
| ✓ Aidan Ascani | o/12-Seuns | 22ste plek |
| ✓ Evan Cilliers | o/12-Seuns | 10de plek |
| ✓ Ruben Esterhuyse | o/13-Seuns | 21ste plek |

*(Ligabyeenkoms 3 by Laerskool Vissershoek)*

| | | |
|---|---|---|
| ✓ Kobus Loock | o/8-Seuns | 14de plek |
| ✓ Janke Esterhuyse | o/11-Dogters | 22ste plek |
| ✓ Evan Cilliers | o/12-Seuns | 7de plek |
| ✓ Ruben Esterhuyse | o/13-Seuns | 10de plek |

*(Ligabyeenkoms 4 by Laerskool Witpoort)*

Atlete wat uitgenooi was om deel te neem aan die AGN-Kampioenskappe te Lavender Kontrei Mark:

| | | |
|---|---|---|
| ✓ Ruben Esterhuyse | Aidan Ascani | Evan Cilliers |
| ✓ Morné Pretorius | Niané Ellis | Janke Esterhuyse |
| ✓ Luca Pienaar | Micayla Ascani | Kobus Loock |

Atlete wie onder die eerste 20 plekke geëindig het tydens die AGN-Kampioenskappe:

- ✓ Kobus Loock 17de plek
- ✓ Ruben Esterhuyse 15de plek

Hierdie 2 atlete van ons is ook verkies as deel van die AGN-span vir die SA-Kampioenskappe. Hulle het verder deelgeneem aan die SA-Kampioenskappe in die Vaal Driehoek.
Ons is baie trots op elke Landloopatleet wat deelgeneem het hierdie jaar. 2024 was ‘n goeie Landloopjaar. Baie geluk!!!

- **Tennis**

Tennis in 2024 by Laerskool Villieria was ‘n reuse sukses. Ons het 4 spanne in die liga gehad. Ons is dankbaar dat die getalle en aanvraag van tennis elke jaar groei.
Laerskool Villieria het weer sy tennisdag vir entoesiaste gehad. Dit het ouers en leerders meer ingelig oor hoe die sport werk en watter vaardighede benodig word om deel te kan neem. Die skool het ook vir die 1ste keer in kwartaal 1 deelgeneem aan die liga.
Al die spanne het ook die jaar 2 ligas hoër gespeel as wat hulle in 2023 het.

Resultate:

| WEEK EN DATUM | SPAN | OPPONENT | AFDELING | WEN / VERLOOR |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Ope Seuns | Eduplex | C1 | Verloor |
| | o/11A-Seuns | Pretoria-Oos | A1 | Wen |
| 29 Julie 2024 | o/11B-Seuns | Anton van Wouw | B1 | Verloor |
| | Ope Dogters | Stephanus Roos | D1 | Verloor |

| WEEK EN DATUM | SPAN | OPPONENT | AFDELING | WEN/ VERLOOR |
|---|---|---|---|---|
| 2 | Ope Seuns | Danie Malan | C1 | Wen |
| | o/11A-Seuns | Tygerpoort | A1 | Verloor |
| 5 Augustus 2024 | o/11B-Seuns | Die Krans | B1 | Verloor |
| | Ope Dogters | Totiusdal | D1 | Verloor |

| WEEK EN DATUM | SPAN | OPPONENT | AFDELING | WEN/ VERLOOR |
|---|---|---|---|---|
| 3 | Ope Seuns | Magalieskruin | C1 | Verloor |
| | o/11A-Seuns | Elarduspark | A1 | Verloor |
| 12 Augustus 2024 | o/11B-Seuns | Die Poort | B1 | Verloor |
| | Ope Dogters | Bye | D1 | |

| WEEK EN DATUM | SPAN | OPPONENT | AFDELING | WEN/ VERLOOR |
|---|---|---|---|---|
| 4 | Ope Seuns | St. Paulus | C1 | Verloor |
| | o/11A-Seuns | Anton van Wouw | A1 | Wen |
| 19 Augustus 2024 | o/11B-Seuns | Lynnwood | B1 | Verloor |
| | Ope Dogters | Boerefort | D1 | Wen |

| WEEK EN DATUM | SPAN | OPPONENT | AFDELING | WEN/ VERLOOR |
|---|---|---|---|---|
| 5 | Ope Seuns | Die Poort | C1 | Verloor |
| | o/11A-Seuns | Bakenkop | A1 | Wen |
| 26 Augustus 2024 | o/11B-Seuns | Wonderboom | B1 | Verloor |
| | Ope Dogters | Voorpos | D1 | Verloor |

| WEEK EN DATUM | SPAN | OPPONENT | AFDELING | WEN/ VERLOOR |
|---|---|---|---|---|
| 6 | Ope Seuns | Bye | C1 | |
| | o/11A-Seuns | Garsfontein | A1 | Wen |
| 2 September 2024 | o/11B-Seuns | Bye | B1 | |
| | Ope Dogters | Die Poort | D1 | Verloor |

| WEEK EN DATUM | SPAN | OPPONENT | AFDELING | WEN/ VERLOOR |
|---|---|---|---|---|
| 7 | Ope Seuns | Bye | C1 | |
| | o/11A-Seuns | Monumentpark | A1 | Verloor |
| 9 September 2024 | o/11B-Seuns | Bye | B1 | |
| | Ope Dogters | Magalieskruin | D1 | Verloor |

Ons sien uit om tennis net meer te laat groei by Laerskool Villieria.

- **Skaak**

Die 2024-skaakseisoen het afgeskop op 21 Februarie 2024 met die skaakaand vir entoesiaste.

18 Mei 2024 neem ons deel aan die 'Cluster" te Loreto Queenswood.

Die volgende uitslae word behaal:
o/9 - 2de
o/11 - 2de
o/13 - 1ste

4 Augustus 2024 neem ons deel aan die Distriksbyeenkoms by Prestige College.

Die volgende uitslae word behaal:
o/9 - 3de
o/11 - 2de
o/13 - 2de

Ons o/11- en o/13-span het deurgedring na die Gauteng uitspele. Tydens die Gauteng uitspele op 4 Oktober 2024 te Germiston, eindig ons o/11-span 16de en ons o/13-span 12de in Gauteng.
Dit was 'n baie suksesvolle jaar vir die skaakspelers.

- **KULTUUR**
  - **ATKV**

Op 19 en 20 April 2024 was daar 20 leerders wat deelgeneem het aan die ATKV-Redenaars. Leerders het dit geniet. Een leerder het deur gedring na die Gauteng-Noord semi-finaal.

  - **Welsprekendheid**

Ons jaarlikse Welsprekendheidsgeleentheid het plaasgevind op 11 Junie 2024 vir graad 1 – 3, en 12 Junie 2024 vir graad 4 – 7. Ons het twee professionele beoordelaars genooi, me Ida Swart en me Annemari van Staden. Ons is trots op die positiewe terugvoer oor ons leerders se goeie toesprake.

  - **Artistatue Redenaars Kompetisie**

Hierdie kompetisie, waaraan 24 leerders deelgeneem het, het op 20 Augustus 2024 in ons skoolsaal plaasgevind. Na die kompetisie is daar 7 leerders gekies met die hoogste punt in elke graad om aan die finaal deel te neem. Die finaal het plaasgevind op 29 Augustus 2024 by Midstream College en elkeen van hierdie 7 leerders het bo 75% gekry.

  - **Noordekruin Kunstefees**

Noordekruin Kunstefees het plaasgevind gedurende Augustus 2024. Daar het leerders ons skool teenwoordig. Ons is trots op die uitstekende resultate wat ons leerders ontvang het tydens die Kunstefees.

Daar was 10 leerders wat deelgeneem het aan die klassieke sang. ‘n Totaal van 2 A’s, 3 B+ en 5 B’s is behaal. Daar was 12 leerders wat deelgeneem het aan die begeleide sang. ‘n Totaal van 4 A+, 3 A’s, 3 B+ en 2 B’s is behaal.

- **Liedjiefees**
  “Roer-Jou-Voete-Liedjiefees” het plaasgevind 13 – 15 Augustus 2024. Dit was ‘n buitelug vertoning met ongelooflike klank en beligting.
  Elke graad het deelgeneem en hul eie tema gehad naamlik:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| ✓ Graad 1 | – | Sterre | Graad 2 | – | “Food court” |
| ✓ Graad 3 | – | “Super heroes” | Graad 4 | – | Trots SA |
| ✓ Graad 5 | – | “Rock ‘n Roll” | Graad 6 | – | “Groovy Movies” |
| ✓ Graad 7 | – | Vakansietyd. | | | |

  Daar was ook ‘n groep graad 6- en 7-dogters wat opgetree het. Dit was ‘n groot sukses en die leerders het dit baie geniet. Harde werk en oefening het plaasgevind deur die jaar om die vertonings op die planke te bring.

- **Villies-Talentaand**
  Ons Villies-Talentkonsert gaan op 25 November 2024 plaasvind. Ons hele kultuurspan is ten volle betrokke met al die beplanning en reëlings om die aand ‘n sukses te maak. Daar gaan verskeie items op die program wees met goeie talent variasies. Daar gaan ook ‘n Sanggroep optree wat met behulp van juffrou Mariska Campbell afgerig gaan word.

## GEBOUE EN TERREIN

2024 was weereens ‘n jaar wat elke Villie-ouerhuis trots en tevrede kan voel oor die netheid en instandhouding van ons terrein. ‘n Opregte woord van dank aan ‘n puik terreinbestuurder, mnr. Frikkie Schoeman en sy span terreinwerkers, ons is trots op julle. Hoewel deurlopende instandhoudingswerk gedoen is, kan ons tog spesiale vermelding maak van ‘n paar beheerliggaam geïnspireerde projekte.

Hoewel oom Frikkie en sy span deurlopend algemene onderhoud gedoen het, soos verfwerk, herstelwerk, ensovoorts, is daar ook enkele beduidende opgraderings en/of beplande projekte. Duisend dankies.
Met hierdie skrywe dan ook ‘n besondere woord van dank aan mnr. Stephan van der Walt, voorsitter van die Geboue en Terreinkomitee, asook ons adjunkhoof, mnr. Jaco Grobler wat ons skool se belange absoluut op die hart dra. Binne die raamwerk van ‘n besondere konserwatiewe begroting en uiters bekostigbare onderriggelde het ons wondere verrig.

Afgehandelde opgraderings en beplande projekte:
- ✓ Oprig van 3 klaskamers;
- ✓ Oprig van addisionele badkamers vir grondslagfase;
- ✓ Oprig van afdakke vir parkering vir personeel;
- ✓ Oprig van afdakke voor die 3 nuut opgerigte klasse;
- ✓ Oprig van afdakke by nog 2 van ons 4 aflaaipunte waar leerders direk onder dak die skool kan betree. Met trots, tans een van min skole wat tydens reën jou kind by 3 uit 4 aflaaipunte jou kind direk onderdak het.
- ✓ Oprig van waterpunt vir grondslagfase leerders;
- ✓ Reabilitasie van gras area beskadig deur ons ongelooflike liedjiefeesoefeninge.

## FINANSIES

‘n Hartlike woord van dank aan mnr. Wessel Strydom wat vir nog ‘n jaar baie van sy tyd, asook uiters noodsaaklike waarde toegevoeg het tot ons skool met sy kennis van finansies.
‘n Ongelooflike dank aan elke getroue betaler van onderriggelde. Ons skool is bevoorreg met ‘n ouergemeenskap wat nou die erns besef, om selfs onder moeilike omstandighede, vas te byt en onderriggeld ‘n prioriteit te maak. Dit is die rede hoe ons die standaarde met betrekking tot algemene onderhoud en personeel, veral onderwyshulpaanstellings, sal kan volhou.

**DANK**

En met hierdie jaarverslag is dit dan die laaste keer wat ek en my voorsitter gesamentlik onderteken. Ons kan regtig terugkyk op ‘n uiters geseënde jaar, oor ‘n breë front, maklik een van die bestes ooit.

Daar is geen twyfel in ons gemoed, ons skool bevind hom tans p ‘n uitstekende plek wat akademie, leierskap, sport en kultuur betref.

Met groot dank aan ons Skepper vir 122 jaar se genade.

Graad 7-leerders van 2024, ons groet julle, gaan maak ons trots!!!

Seënwense vir die 2024-feesseisoen, mag u ‘n ongelooflike Kerstyd beleef.

**DP HAASBROEK**
**HOOF**

**JV VAN DER MERWE**
**VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM**